



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

18 November 2021

Gedagte vir die week:

If we are not on the same page, we cannot continue our story!

(ek wonder of dit altyd waar is?)

Vertretpunt:

Matteus 21:33-46

Meditasie uit die Woord:

Dit is belangrik om wanneer jy iets namens iemand anders oppas te weet wat die verwagting van die eienaar is. Veral as jy iets oppas namens **iemand** met 'n hoofletter. Soos ek dit verstaan is ons, die kerk (gemeente), die oppassers (huurders) van God se wingerd (koninkryk). Die profete van die Ou Testament, en Jesus in die Nuwe Testament, is die geduldige "balju's" wat die klokke lui met 'n dringende herinnering aan die verwagting van die Eienaar. Die aanklagte is duidelik: Julle het die kontrak vergeet, julle het die Eienaar vergeet, julle maak met die eiendom wat en soos julle wil, julle begin al meer dink julle is die eienaars en tree met al minder respek en eerbied vir die Eienaar op. Ek ken hierdie gevaar wanneer ek/ons begin praat van "my/ons gemeente" en "my/ons kerk", want kort voor lank is dit nie meer nêr onskuldige taal nie, maar word dit werklikheid. Dieselfde kan gebeur wanneer die dominee "ons/my dominee" word, want dan kan die dominee dalk net vergeet dat hy eintlik God se profeet en priester is en dan kan hy/sy die mense ter wille word en nie God ter wille nie. Dit is ook belangrik dat die dominee onthou dit is nie "my lidmate" met wie ek werk nie, maar dit is Ander-man, God se kinders, met wie ek werk. Ek weet maar te goed dat ek soms as oupa meer versigtig is met my ander-manse kleinkinders as wat ek as dominee met die Andermanse kinders is. Hoe ouer ek word hoe meer lees ek vier dele in Die Bybel wat vir my God se hartsverwachting van my en van sy kerk die beste weergee: Eksodus 20, Die Bergpredikasie (in besonder die Saligsprekinge en die Onse Vader) en Galasiërs 5 (die vrugte van die Gees). Jy is genooi om as mede-huurder die kontrak weer goed te bekyk, nie uit vrees vir die balju nie, maar uit liefde vir die Eienaar.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 21 November 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/F9Xp0eewHEw>

Meditasie uit die Lewe:

'n Vrou se getuienis oor haar oorlede moeder klink só: "My ma was die grootste Christen wat ek geken het. Sy het haar Bybel gelees én geken. Sy het elke Sondag kerkgebou toe gegaan. Ons is saam, want dit was stapafstand van ons huis, maar my ma was die grootste rassis. Ek verstaan dit nou nog nie". Ek het die gesprek oordink en besef dat daar baie stemme is wat ons beïnvloed, en afhangend van hoeveel geleentheid elke stem kry, kan dit ook later ons stem word. 'n Mens noem dit geraas-manipulasie of indoktrinering. Skoolsale, klaskamers, kerkgeboue, sportstadions, eetskamertafels, motors, TV-kamers, teaters ... dit is almal ruimtes waar stemme met oortuigingskrag in ons ore raas. In sulke ruimtes moet 'n mens maar geloofsmatig bid, "laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose". Ons veroordeel nie die oorlede vrou nie, ons verstaan net nie en probeer verstaan, want ons weet ons is almal oortuigbaar vir enige iets ... enige stem moet net lank genoeg, en hard genoeg, op die regte tyd, en op die regte plek in ons ore raas. Ek moet erken dat ek tans wonder oor die stemme wat teen Covid-vaksinering skree, veral as ek soggens met skeertyd my witseerkeeltraggie se merkies in my keel sien ... ek het genadiglik oorleef terwyl baie ander oorlede is. Vandag hoef niemand meer aan witseerkeel dood te gaan nie. So ek is dankbaar vir inentings en as gelowige is ek dankbaar vir wetenskaplikes wat deur God begenadig is met baie meer of andersoortige verstand as ek. Dit is my oortuiging, dit hoef nie joune te wees nie. My stem is ook maar net 'n stem.

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprekke te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com